www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **8779/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2010**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

*4336382193*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ’n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

This document consists of **6** printed pages and **2** blank pages.

DC (LEO) 35711/1
© UCLES 2010

UNIVERSITY of CAMBRIDGE International Examinations

www.PapaCambridge.com

**Afdeling 1**

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

## Die klere maak die man

'Die klere maak die man,' lui die ou gesegde. Dit is duidelik dat mans deesdae baie meer waarde heg aan hul voorkoms. Daar is 'n sterk teenwoordigheid van mansmodes by modeparades in Milaan en Parys, asook hier in ons eie kontrei. Die begeerte om 'in' te wees, word onderstreep deur die talle tydskrifte op die rakke met ritse glansfoto's van befaamde knape soos David Beckham en Arno Carstens, al pronkende in ontwerpersklere.

In die verlede het die loopplanke en modeblaaie gepryk met kledingstukke wat gewissel het van die voorspelbare pikkewynpakkies tot malkop, onpraktiese ontwerpe wat geen man kon dra nie. Dié tipe klere het vir Jan Rap en sy maat maar weinig gebied om oor huis toe te skryf. Sedertdien het die samelewing sodanig verander dat mansmodes by vrouemodes begin kersvashou wanneer dit kom by verskeidenheid en kreatiwiteit.

Bravo! Die dae van safaripakke en van noodgedwonge aantrek wat vroulief op die bed uitlê, is genadiglik iets van die verlede. Vandag se modes nooi mans uit om hulself op te tof. Modekenners voorspel dat die rakke in die toekoms 'n oorvloed wonderlike uitrustings aan kopers sal bied. Deftige dasse, klassieke pakke en kleurbaadjies word met gewone drag soos tekkies of klinknaelbroeke gedra. Selfs gesofistikeerde breidrag is deesdae 'n manlike treffer-kopie.

Militêre snitte bly 'n sentrale tema in mansdrag, en die populariteit daarvan het oorgespoel na hedendaagse vrouestyle. Growwer teksture in mansjasse en –baadjies word vermeng met ragfyn hemde van sy en ander sagter materiale soos fluweelbroeke. Die gebruik van verskillende teksture is 'n klinkklare bewys van die teenstrydige moderne idees rondom man-wees.

'Ek ontwerp nie klere nie – ek ontwerp drome,' het die mode-guru Ralph Lauren eens op 'n tyd gespog. Nou-ja, of jy nou saamstem met so 'n egoïstiese vleiery of nie, mansmodes weerspieël deesdae 'n kaleidoskoop van kleure, snitte, ontwerptemas en teksture. Dit bied dan wel aan mans die geleentheid om daagliks hul drome stylvol uit te leef. Hopelik kan hulle dan ook 'n indruk op iemand spesiaal maak!

*Verwerk uit: DeKat, Julie/Augustus 2007*

www.PapaCambridge.com

**1** Vind die woord **in die eerste twee paragrawe** wat ooreenstem met die volgende de

*Voorbeeld*
*Vraag*: *mansaandpakke*
*Antwoord*: pikkewynpakkies (*paragraaf 2)*

**(a)** omgewing [1]

**(b)** behoefte [1]

**(c)** beroemde [1]

**(d)** min [1]

**(e)** van toe af [1]

[Totaal: 5]

**2** Verduidelik die volgende woorde deur elkeen in 'n **volledige sin** te gebruik.

*Voorbeeld*
*Vraag*: Breidrag (reël 19)
*Antwoord*: Breidrag is klere wat van wol gemaak is.

**(a)** waarde heg (reël 2). [1]

**(b)** voorkoms (reël 2) [1]

**(c)** vrouemodes (reël 12) [1]

**(d)** op te tof (reël 15–16) [1]

**(e)** egoïstiese (reël 26) [1]

[Totaal: 5]

www.PapaCambridge.com

**3** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar moen[illegible]k uit die teks oorskryf nie tensy dit spesifiek gevra word.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** **(i)** Identifiseer die gesegde in paragraaf 1. [1]

**(ii)** Verduidelik wat hierdie gesegde beteken. [1]

**(b)** Verduidelik hoekom David Beckham en Arno Carstens mans se klerekeuses beïnvloed. [2]

**(c)** Wie is 'Jan Rap en sy maat' (reël 10)? [1]

**(d)** Die skrywer van hierdie teks is bly dat mans sekere modes nie meer hoef te dra nie. Watter twee voorbeelde in paragraaf 3 word gebruik om sy punt te illustreer? [2]

**(e)** Verduidelik hoe vrouemodes spesifiek deur mansmodes beïnvloed word. [2]

**(f)** Die skrywer dink daar is 'teenstrydige moderne idees' (reël 23–24) omtrent man-wees.

**(i)** Wat word hiermee bedoel? [1]

**(ii)** Hoe word hierdie teenstrydigheid in die mansmodewêreld geïllustreer? [1]

**(g)** **(i)** Hoe voel die skrywer oor die algemeen oor die moderne mansmodes? [1]

**(ii)** Vind drie woorde of sinne uit die hele teks as bewys van hierdie siening. [3]

[Totaal: 20]

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

**BLAAI OM VIR AFDELING 2**

**Afdeling 2**

www.PapaCambridge.com

## Pronk met etiese trots!

Het jy al ooit gedink dat die mode- en skoonheidsindustrie eintlik net ’n gejaag na die wind is? In ’n wêreld geteister deur vigs, geweld en oorlog, hoe kan ons nog omgee watter jeans nou eintlik in die mode is? Is daar nie belangriker dinge om ons oor te bekommer nie?

Ek het egter besef, jy hoef nie skuldig te voel as jy vir jou ietsie mooi wil koop nie. Jy mag mode geniet! Vir my is mode die teenoorgestelde van geweld en haat. Mode is die teenmiddel vir die slegte nuus op TV. My klerekas word soos ’n skip waarmee ek dagreise na eksotiese plekke toe kan onderneem. ’n Mens sien soms net vere waai soos ek soek vir inspirasie terwyl ek uitrustings probeer saamstel!

Modetendense begin dikwels as gevolg van ’n reaksie op sekere sosiale gebeure. *Punk* en *grunge* is goeie voorbeelde hiervan. Toe Suid-Afrika ’n demokrasie geword het, het al hoe meer ontwerpers meer “Trots Suid-Afrikaans” begin ontwerp. Suid-Afrika het stadig maar seker ’n eie mode ontwikkel. Handelsmerke soos Stoned Cherrie het baanbreker werk gedoen en sodoende het meer ontwerpers ’n eg Suid-Afrikaanse identiteit onthul. As ek dink aan hoe ‘reg’ ’n mens voel as jy ’n Craig Native-hempie of ’n Maya Prass-romp dra, dan is die Suid-Afrikaanse mode-industrie seker een van die belangrikste om te ondersteun. Bowenal skep dit broodnodige plaaslike werksgeleenthede.

Onthou net, mode-industrieë kan dikwels bo blink en onder stink. Dit is belangrik om seker te maak dat jy jou voete altyd stewig op die aarde hou. As jy weer iets koop, vra jouself dus af: Hoeveel kos hierdie kledingstuk werklik? En ek praat nie net van die Rand-waarde nie. Die belangrikste vraag wat jy seker moet kan beantwoord is: Was hierdie kledingstuk op ’n etiese manier vervaardig?

Dink ten minste daaroor voor jy impulsief optree, en onthou die goue reël: As jy iets nuuts koop, moet jy iets ouds uitgooi. Skenk dit aan ’n welwillendheidsorganisasie. Ek is seker daar is sommer baie mense wat jou ou Springbok Nude Girls-hempie meer gaan waardeer as jy!

*Bron: www.lignet.co.za*

www.PapaCambridge.com

**4** Beantwoord die volgende vrae in jou eie woorde. Bepaal jou by die teks, maar moeni[illegible] k uit die teks oorskryf nie tensy dit spesifiek gevra word.

*(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)*

**(a)** Verduidelik wat die skryfster bedoel as sy sê dat die modeindustrie 'eintlik net 'n gejaag na die wind is' (reëls 1–2). [2]

**(b)** Waarom sou 'vere waai' (reël 8)? [1]

**(c)** Lees weer paragraaf 3. Hoekom dink die skryfster dat Suid-Afrikaanse ontwerpers meer belangrik geword het? [1]

**(d)** **(i)** Wat beteken die woord "broodnodig" in reël 17? [1]

**(ii)** Omskryf nou die sin waarin hierdie woord voorkom in jou eie woorde. [1]

**(e)** Beskryf in jou eie woorde wat die skryfster bedoel as sy sê dat die mode-industrieë 'dikwels bo blink en onder stink' (reël 19). [2]

**(f)** Watter aspek dink die skryfster moet 'n mens veral in ag neem as jy klere koop? [1]

**(g)** Watter advies gee die skryfster in die laaste paragraaf en hoekom dink sy dit is belangrik? [2]

**(h)** Gee **vier** redes uit die hele teks hoekom die skrywer voel ons mag mode maar geniet. [4]

[Totaal : 20]

**5** **(a)** Sou jy sê beide artikels benader moderne mode dieselfde? Identifiseer en bespreek vyf verskille **of** ooreenkomste tussen die twee tekste in hierdie opsig.

Skryf 100–120 woorde. [10]

**(b)** Dink jy daar is 'n rol vir Suid-Afrikaanse ontwerpers en inheemse modes in die moderne Suid-Afrika?

Skryf ongeveer 50 woorde. [5]

[Taalgebruik: 5]

[Totaal: 20]

**BLANK PAGE**

www.PapaCambridge.com

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of